KALAHARI SNIPPETS
Die E-NUUSBLAD met die verlede, hede en toekoms
Sedert 2015 Uitgawe 421 13 November 2025

Worshond, Worsie, Langlaagte, Dachhund ens.

Deur Gert Theart

Daar is seker nie ‘n honderas wat soveel verskillende name in enige taal genoem word soos die Worshond nie. Met 11 November toe die wêreld vir ‘n oomblik om 11uur die oggend tot stilstand gekom en die einde van die Tweede Wêreldoorlog gedenk is, was daar nie by my enigsins ‘n gedagte aan wat die dag vir Worshonde beteken het nie. Allermins, vrede in Amerika, vir die ras.

Vir lank was die amptelike telersnaam vir die hond: Dachshund, maar oorspronklik *Dach Kriecher*, Duits vir “*dadger crawler*”. *Dadger* is Ratel in Afrikaans. Oorspronklik is die ras in Duitsland geteel vir die jag van ratels en hase en om ander kleiner diere wat in gate bly uit te grawe. *Volgens my ‘n hond wat altyd net half lyf in die moeilikheid is*. Die oorspronklike honde was groter as wat ons vandag ken.

Wêreldwyd het die ras gou ‘n troetelhond of *mascote* geword, as gevolg van hulle persoonlikheid. Verskeie foto’s is op die internet beskikbaar waar die honderas saam met wêreldleiers en bekendes verskyn. Volgens wikipedia sluit dit in persone soos Koningin Victoria, Kaiser Wilhem II en Duitse Veldmaarskalk Erwin Rommel.

Tradisioneel, veral aan die begin van die 1900’s, is die worshond as ‘n Duitse simbool gesien. Tydens die Groot Oorlog(WWI) het verskeie spotprente as plakkate gebruik waarin die Duits deur die worshond uitgebeeld is.

Na WWI is daar ‘n groot anti-Duitse veldtog in Amerika gevoer waartydens, verskeie worshonde doodgemaak is. Die Amerikaanse Telersgenootskap het toe die ras gered deur die naam te verander na *Wiener-dog*. Dieselfde noodlot het die Duitse-Herdershond getref en met die naamsverandering na *Police dog* het die situasie verbeter.





Memoires van ‘b soldaat

Beskikbaar by u naaste Boekhandelaar of Naledi

- gepaste geskenk vir enige tyd van die jaar.
- Kunstig saamgestel, duursaam en inspirerend. Nie net ‘n mooi geskenk nie, dis ‘n kunswerk en ‘n erfstuk.
- Die boek bestaan uit 8 hoofstukke met gepaste digkuns en kunswerk wat jou op reis neem – deur jou eie weermag herinneringe.
- Daar is ‘n stewige koevert waarin die oorlog veteraan memorabilia soos foto’s, dokumente, balkies en ‘n usb (vir video’s, foto’s en stemboodskappe) kan plaas.
- Dit bevat ook kaarte waarop oud makkers kan aandui waar hulle opleiding ontvang het en aangewend is.
- Die boek sluit ‘n kleiner handleiding in wat inspirasie prikkelaars (prompts) bevat. Die doel is om leiding te gee, sonder om voorskriftelik te wees.

Verwysing deur Dana Snyman

Soveel van ons het te lank stilgebly oor ons ervarings in die weermag – die “army”, soos ons dit steeds noem. Ek praat van ons van wie verwag is om verpligte militêre diensplig te doen – die lot van ‘n paar honderdduisend jong mans tussen 1967 en 1994. Vir baie van ons is daardie oorlog steeds aan die gang. In ons koppe. Daarvan getuig hierdie nodige boek. Ons is army toe gestuur om ‘n man te gaan word. ‘n Man huil nie. Bevry jouself en vertel jou storie so eerlik as wat jy kan. Dis genesend.

Geen toegang tot Boekhandelaar nie. Bestel direk, deur epos aan Naledi te stuur by tertia@naledi.co.za

Tromp-op: Rugby

Beskikbaar by u naaste Boekhandelaar of Naledi

- *Tromp-op* is vir ALLE rugbyliefhebbers en spelers.
- Dok Pool gebruik sy 60 jaar ervaring om geskiedenis, spelers en hedendaagse gesprekke te verweef – met die fl air van ’n storieverteller.
- Dit het as tweeweeklikse rugbyrubriek in *Rapport* begin en is op versoek van lesers en oudspelers in boekvorm saamgevat.
- Die boek fokus hoofsaaklik op hoe rugby ’n spel vir alle liggaamstipes kan bly, én vir toeskouers aantreklik kan wees.
- Reëlveranderings wat die spel se wese ondermyn en kortsigtige reëls wat skeidsregters se rol vergroot, word bespreek.
- Die boek bied konstruktiewe voorstelle oor hoe om rugby se identiteit te bewaar.
- Interessante toeligting handel oor die wesenlike verskil en wanbalans tussen die afrigting van verdediging en aanval.



FREE ENTRY
Live Music
29 November 2025
LIGGIEFEES 2025
16:00 TOT LAAT
KERSFEESLIGGIES
STALLETJIES
SLIDES
RIDES
SOULFOOD STREETFOOD
Praat jou Taal! Feitlik Familie! Ons is jou Mensel
DORINGDRAAD DEBEN
KONTREI- KUIERPLEK

Kalahari Mud Challenge
MUD, MEMORIES & MAYHEM: COME JOIN THE FUN!
• Stalletjies
• Kos verkope
• Hindernisbane
• Go Karts
10 - 17jr R 50
2 - 9jr R 20
18 - 99jr R 80
6 Desember 2025
Verskillende tydslotte beskikbaar
@ Kathu Perdeklub
KONTAK
Lisa Marie @ 083 505 1711

2025 CURRIE CUP
TROPHY TOUR
31 OCTOBER
Black Label CURRIE CUP
GRIQUAS
SUZUKI
GRIEKWAS IS BY KATEXAS VANAF 14:00
KATEXAS STEAKHOUSE
053 723 2987 | WWW.NAMAKWARI.CO.ZA


Lenmed Kathu Private Hospital
Presents
PREM DAY 2025
Starlight Walk
Hosted by Dr Anita Steyn
DATE:
21 November 2025
TIME:
Registration 18:30
Walk starts at 19:00
DRESS CODE:
Purple
'Bring a candle'
lenmed

Kersfees
BYBELUITVERKOPING
DIE BYBEL
AFRIKAANS
2020-vertaling
R250*
WAS R625
Kontak asseblief
sales@biblesociety.co.za
betrekkende afslag
60% afslag
www.bybelgenootskap.co.za

ICE AGE EXPO SA
Bloemfontein
Showgrounds Bloemskou
6th February to 8th February 2026
www.iceagesa.com

Winton Guest farm
Winton offers a unique,
rustic, true farm atmosphere
and will happily assist with the planning of all aspects
of your special occasion.
Passion, commitment and dedication
is at the core of everything we do.
We would love to meet you as a potential client
and have you leave as a friend.
Winton
• The Guest House has 3 bedrooms plus open plan room
(sleeps 11) & 2 bathrooms & outside toilet & shower
• The original farm house hosts 5 bedrooms
(sleeps 10) and 2 bathrooms.
• 3 Family rooms - sleeps 4,6,8 with bathrooms
• "Die Sandhuisie" is perfect for a romantic getaway.
The Ideal start to a perfect honeymoon.
Weddings
Telephone: 083 794 0375
Email: info@winton.co.za
koosvz@isat.co.za
www.winton.co.za
Beautiful Memories
Winton offers a romantic setting
for your perfect wedding

Soetfontein Guest Farm

Soetfontein Guest Farm is a turn of the century family-owned farm offering a traditional farm-style stay. Here guests will experience the peace and quiet of the countryside and the relaxing atmosphere, amidst the Kalahari Bushveld, the ideal location to switch off from your daily routine. Making it a memorable location for accommodation bookings, planning your perfect function or wedding.

Contact: 0828889547 / 0828084168, www.soetfontein.co.za, reservations@soetfontein.co.za



ONZE RUST

Twee verhale word parallel aangebied.

Die eerste is die verhaal van twee predikante met verskillende oortuigings, die een jonk, die ander op aftrede, wat verskillende omwentelings in die gemeente beleef Die verskille bereik soms breekpunt Met die verskuiwing van pres Steyn se standbeeld begin Herman, die ouer predikant, nadink oor Steyn se rol in die verlede en ervaar ook terugflitse na sy eie lewe asook die tyd op die Grens tydens sy weermagdae Herman word in sy huis aangeval en geskiet wanneer hy die noodknoppie druk.

Die tweede wat nou verweef is met die eerste, is die verhaal van President Steyn wat in 1905 op die trein van Kaapstad terug na die Vrystaat reis terwyl Emily Hobhouse en Tibbie, sy vrou, hom vergesel Hy worstel oor sy rol in die oorlog en met die vraag of hy reg gedoen het deur nie oor te gee nie.

Geen toegang tot Boekhandelaar nie. Bestel direk, deur epos aan Naledi te stuur by tertia@naledi.co.za

‘n Werklose swerwer, wat hom voordoen as ‘n linguis, sluit aan by ‘n ekspedisie op soek na die laaste oorblyfsels van ‘n byna-uitgestorwe en fabelagtige ras van gorillas. Hy is veral gefassineer deur die lang en lenige Duitse wetenskaplike, Annegret, wat as dierkundige die ekspedisie meemaak. Sy slaag meestal daarin om hom op sy plek te hou, terwyl hulle al dieper in die hinterland indring. As gevolg van haar slegte ervarings by die dieretuin waar sy as jongmeisie gewerk het, die meemaak van ‘n ingrypende tragedie op see, en die louterende belewing van die landskap en die inwoners van die gebied waardeur hulle beweeg, besluit sy gaandeweg om nie net die gorillas te probeer vind nie, maar ook te leer om met hulle te praat en by hulle te woon.__